Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Sharmila Gordon**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Sharmila.Gordon@westerncape.gov.za | 021 467 2397

Lêerno.: 19/2/2
Verwysing: 20241203-9030

Assesseringsbestuursminuut: 0023/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

**Onderwerp: Tydraamwerke vir assesseringsbestuur in 2025**

1. Hierdie minuut bevat die datums vir die prosesse en tydraamwerk vir assesseringsbestuur vir 2025.

2. Die skoolkwartale vir 2025 is as volg:

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1 | (13) 15 Januarie – 28 Maart |
| Kwartaal 2 | 08 April – 27 Junie |
| Kwartaal 3 | 22 Julie – 03 Oktober |
| Kwartaal 4 | 13 Oktober – (10) 12 Desember |

3. **Appèlle ten opsigte van vorderings en bevorderings**

| **Provinsiale kommunikasie** | **Aktiwiteit** | **Sperdatum** |
|---|---|---|
| Omsendbrief 0039/2024 van 28 November 2024<br><br>Omsendbrief en minuut sit die proses wat gevolg moet word uiteen indien ouers/voogde/primêre versorgers appèl wil aanteken teen die vorderings- of | Sluitingsdatum vir ouers/voogde/primêre versorgers om appèl aan te teken teen die vorderings- en bevorderingsuitslae van hul kinders by hul skool. | 17 Januarie 2025 |
| | Prinsipale stel ouers/voogde/primêre versorgers skriftelik in kennis van die uitslae van die | 24 Januarie 2025 |


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

| | | |
|---|---|---|
| bevorderingsuitslae van hul kind/pleegkind. | vorderings- en bevorderingsappèlle. | |
| | Skole stel registers van vorderings- en bevorderingsappèlle aan kringbestuurders en assesseringskoördineerders beskikbaar. | 27 Januarie 2025 |
| | Sluitingsdatum vir ouers/voogde/primêre versorgers om by die distriksdirekteur appèl aan te teken – om die skool se besluit te heroorweeg; appèl moet deur die skool aan die distrik gestuur word. | 31 Januarie 2025 |
| | Alle appèlle (vir vorderings- en bevorderingsuitslae vir graad 1 tot 11 van 2024) deur die distrik gefinaliseer. | 14 Februarie 2025 |
| | Alle distriksverslae saam met die voltooide databasis by Hoofkantoor ingedien. | 28 Februarie 2025 |

4. **Bestuur van assesseringsakkommodasies en konsessies**

| **Provinsiale kommunikasie** | **Aktiwiteit** | **Sperdatum** |
|---|---|---|
| Omsendbrief 0017/2016 van 19 April 2016<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0005/2017 van 16 Maart 2017<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0001/2019 van 28 Januarie 2019<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0011/2020 van 16 September 2020<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0004/2022 van 24 Maart 2022 | Aansoeke om assesseringsakkommodasies en aangepaste vraestelle:<br>• Graad R tot 9 op skool- en distriksvlak.<br>• Graad 10 tot 11: Moet in die leerder se graad 10- tot 11-jaar op SOBIS aangeteken word. (Geen nuwe aansoeke sal in graad 12 aanvaar word nie.) | Deurlopend<br>31 Oktober 2025 |
| | Appèlle vir graad 10 tot 11 | 07 November 2025 |
| | Appèlle vir graad 12 | 27 Januarie 2025 |
| | Bevestiging van lyste van aangepaste vraestelle en hulptoestelle (bv. braille, grootdruk, oudiolêers, ens.) vir | 14 Maart 2025 |

| | | |
|---|---|---|
| Assesseringsbestuursminuut 0017/2024 van 05 September 2024<br><br>Omsendbriewe en minute verskaf riglyne vir die bestuur van assesserings-akkommodasies en konsessies vir graad R- tot 12-leerders wat leerhindernisse ervaar, en vir graad 4- tot 12-leerders wat vir assesseringsdoeleindes immigrantestatus versoek. | leerders met spesiale behoeftes wat spesiaal deur die Departement van Basiese Onderwys bestel moet word. | |

5. **Vakveranderinge**

| **Provinsiale kommunikasie** | **Aktiwiteit** | **Sperdatum** |
|---|---|---|
| Omsendbrief 0028/2016 van 30 Julie 2016<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0022/2024 van 22 November 2024<br><br>Omsendbrief en minuut stel skole in kennis van die bestuur en administrasie van vakveranderinge en appèlle in graad 10, 11 en 12. | **Graad 12** – Aansoek deur ouer/voog/primêre versorger<br><br>Slegs een verandering in uitsonderlike gevalle* toegelaat<br><br>** Wanneer 'n leerder van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid oorskakel, en die leerder ook Fisiese Wetenskappe as vak neem, moet Fisiese Wetenskappe ook verander word. Slegs in sodanige gevalle word twee veranderinge in graad 12 toegelaat.* | 13 Desember 2024 (Graad 11-jaar) |
| | **Graad 12** – Aksie deur skool op SOBIS | 24 Januarie 2025 (Graad 12-jaar) |
| | **Graad 11** – Aansoek deur ouer/voog/primêre versorger<br><br>Twee veranderinge toegelaat | 28 Maart 2025 |
| | **Graad 11** – Aksie deur skool op SOBIS | 17 April 2025 |
| | **Graad 10** – Aansoek deur ouer/voog/primêre versorger<br><br>Twee veranderinge toegelaat | 27 Junie 2025 |
| | **Graad 10** – Aksie deur skool op SOBIS | 01 Augustus 2025 |
| | **Appèlle ten opsigte van vakveranderinge** – Indien | Ouers/voogde/primêre versorgers mag binne |

| | | |
|---|---|---|
| | kontekstuele faktore enige versoek om vakveranderinge tot gevolg hê, sal dit volgens meriete oorweeg word.<br><br>**Graad 10 en 11** – Distriksassesseringskoördineerder<br>**Graad 12** – Hoofkantoor | **sewe dae** via die skool appèl aanteken ten opsigte van 'n versoek wat afgekeur is.<br><br>Appèlle sal binne **10 dae** ná ontvangs van die versoek deur die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens oorweeg word. Hoofdirekteur se besluit is finaal. |

6. **Bestuur van skoolgebaseerde onreëlmatighede ten opsigte van assessering**

| **Provinsiale kommunikasie** | **Aktiwiteit** | **Sperdatum** |
|---|---|---|
| <u>Beleidverwant:</u><br>Omsendbrief 0016/2017 van 12 April 2017<br><br><u>Bestuur van onreëlmatighede ten opsigte van assessering:</u><br>Assesseringsbestuursminuut 0006/2017 van 15 Maart 2017<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0013/2017 van 24 Augustus 2017<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0010/2021 van 30 Julie 2021<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0017/2023 van 12 Oktober 2023<br><br>Assesseringsbestuursminuut 0021/2024 van 11 Oktober 2024 | Skoolassesseringsonreëlmatighede-komitee (SAOK) doen verslag aan distrik | Verslag oor Kwartaal 1 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie)<br>**24 Maart 2025** |
| | Distriksassesseringsonreëlmatighede-komitee (DAOK) doen verslag aan Hoofkantoor | Verslag oor Kwartaal 1 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie)<br>**11 April 2025** |
| | SAOK doen verslag aan distrik | Verslag oor Kwartaal 2 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie)<br>**23 Julie 2025** |
| | DAOK doen verslag aan Hoofkantoor | Verslag oor Kwartaal 2 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie)<br>**01 Augustus 2025** |

| | | |
|---|---|---|
| | SAOK doen verslag aan distrik | Verslag oor Kwartaal 3 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie) **03 Oktober 2025** |
| | DAOK doen verslag aan Hoofkantoor | Verslag oor Kwartaal 3 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie) **20 Oktober 2025** |
| | SAOK doen verslag aan distrik | Verslag oor Kwartaal 4 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie) **05 Desember 2025** |
| | DAOK doen verslag aan Hoofkantoor | Verslag oor Kwartaal 4 (en onreëlmatighede wat nie in die vorige verslag vermeld is nie) **12 Desember 2025** |

7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders en ouers te bring.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-12-04